**12 MAART** **SKRIFGEDEELTE: LUKAS 11:1-13**
**FOKUSGEDEELTE: LUKAS 11:9a**
**HEIDELBERGSE KATEGISMUS, So. 50**

## Vra brood en kry dit

Lukas 11 stel: Bid en vir julle sal gegee word!

Dit is belangrik dat die konteks (Luk. 11:1-13) waarbinne hierdie woorde voorkom, raakgesien word. Hierdie woorde word in die eerste plek in samehang met die vierde bede van die Onse Vader ("daaglikse brood" – vs. 3) en tweedens in 'n gedeelte (vs. 5 e.v.) waar duidelik van "brood" sprake is, gebruik. Hier is dus "brood", die basiese versorging wat die kinders van God nodig het, aan die orde. Dit is waarvoor gebid kan word en dit sal gegee word. Hierdie is geen blanko tjek in die sin van "vra wat jy wil en jy sal dit kry nie".

'n Verdere woord van belang in die vierde bede, is die woord "daaglikse". Hierdie woord maak duidelik dat God op 'n daaglikse basis versorg, maar ook dat die gelowige op 'n daaglikse basis van God afhanklik moet wees.

Die saak wat dus baie duidelik moet wees, is: God is agter alles. Dit is Hy wat die versorging gee. Dit is Hy wat 'n pa en/of ma die gesondheid en die geleentheid gee om te kan werk, dit is Hy wat die middele en die geleenthede daarstel om te kan koop wat vir versorging nodig is. Wanneer ons dus bid: "Gee ons vandag ons daaglikse brood" – vra ons vir kos, klere, woonplek, gesondheid, vrede, werksgeleenthede ensovoorts. Ook word daar dan gebid vir die beskikbaarheid van brood by die kafee op die hoek, dus goeie oeste vir die boere, 'n redelike koringprys, reënval op sy tyd ensovoorts.

*Sing: Psalm 128:1* *Ds Hendrik de Beer (Pretoria-Meintjeskop)*